



THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Nuusbrief 4/2016
4 Julie 2016

Geagte lid

Die opgewondenheid en afwagting is nou verby na afloop van die DVSA se Tiende verjaarsdagviering, die besoek van die International Thatching Society se ampsdraers en die twee kompetisies.

Bemaking

Die uitvoering van die besluite wat tydens die Algemene Jaavergadering geneem is, is uitgevoer en ons kan met trots berig dat die DVSA se webtuiste 'n transformasie ondergaan het. Daar is besluit om die huisvesting wat deur Netstudio behartig is, oor te gee aan 100 Degree Marketing (Pty.) Ltd. wat dit vir ons gratis gaan doen. Hierdie maatskappy staan ons ook by met die professionele bemaking van die DVSA.

Die DVSA se Facebook bladsy het ook 'n goeie hupstoot gekry deurdat die R2 000 wat daarvoor toegestaan is, gebruik is om van die artikels en fotos te „boost“. Dit het beteken dat meer as 50 000 mense kennis geneem het van die DVSA se bestaan. Ons bladsy het meer as 650 „hou van“ ontvang en meer as 250 „plasing betrokkeheid“ gehad.

Die DVSA se Facebook advertensie sal ook eersdaags verskyn wat 'n direkte skakel na die DVSA se nuwe webwerf sal hê. Die doel daarmee is om meer as 50 000 *geteikende* mense te bereik.

Ons vertrou dat hierdie nuwe beeld vir die DVSA en sy lede groot voordeel en aansien sal inhou.

„Guide to Thatch Construction in South Africa“

Die DVSA se „Guide to Thatch Construction in South Africa“ is na al die munisipaliteite in Suid-Afrika, meer as 600 Argiteksfirmas, meer as 1 200 firmas, lodges, wildtuine ens. wat betrokke is by die Toerisme Bedryf gestuur. Met elke navraag wat ontvang word, word die e-pos adres bevestig en die Guide saam gestuur. Ons vertrou en glo dat die Dekkersbedryf hierdeur onder andere, net van krag tot krag sal gaan.

Lidmaatskap

Tydens die afgelope Algemene Jaarvergadering is besluit dat SATAS nuwe lede, asook die lede wie se lidmaatskap verval het of gekanselleer is, vooraf sal keur deur fisiese inspeksies van dakke wat gebou is te doen.

Hierdie besluit is geneem om die DVSA en sy bestaande lede te beskerm. In die verlede is verwysings wat gegee is, gekontak maar daar is gevind dat daar nie op 'n oningeligte publiek en selfs van die professionele mense se opinie staat gemaak kan word nie. Klagtes wat ontvang is, het die DVSA in 'n baie swak lig gestel. Die behoefte vir 'n ,veiligheidsnet' het net groter en groter geword.

Noudat die „Guide to Thatch Construction in South Africa“ gratis en vrylik beskikbaar gestel word, het veral dekkontrakteurs geen verskoning om nie die spesifikasie vereistes na te kom nie. Uit navrae wat ontvang word, blyk dit dat lede van die publiek nou baie meer bewus word van waarna gekyk moet word.

„Knowledge and skills are useless unless passed on to others.“

Quote By Chris Marnewick

Die kantoor word selfs ingelig van watter dekkontrakteurs op die webtuiste „Hello Peter“ genoem word en kontrakteurs wat gedurende die gee van kwotasies oneties optree.

Die twee vorms wat SATAS gebruik gedurende fisiese inspeksies word hierby aangeheg vir ons lede se aandag. Alle klagtes word ook na SATAS verwys. Dit het tot gevolg dat die DVSA en sy lede nie self betrokke raak in geskille wat verhoudings kan vertroebel nie.

Noudat Staats- en Semi Staatsinstellings, Banke en Versekeringsmaatskappye van die DVSA se bestaan bewus word, vertrou ons dat lidmaatskap van die DVSA in die nabye toekoms verpligtend sal word. Baie klem word gelê op die vooraf keuring van lede sodat lidmaatskap van die DVSA meer status sal geniet.

Vriendelike groete



John Smith
NASIONALE VOORSITTER

Dekkersvereniging van Suid-Afrika
Privaatsak X 1015
LYTTELTON
0140

Faks
Selfoon
Epos adres
Webtuiste

086 6409 151
083 283 8429
admin@sa-thatchers.co.za
www.sa-thatchers.co.za